Wenk vir Rimpels-gemeentegroei

Gemeentelede vind dit problematies om hulle te verbind vir lang gespreksessies en kursusse.

Dit is vir baie mense meer haalbaar om hulleself tot ’n negentig minuut gespreksessie ’n paar maal in ’n week te verbind.

Reël dus ’n paar Rimpelweke in jou gemeente in die jaar, vir voortgesette geloofsgroei en ontwikkeling vir volwassenes.

Kry ’n verskeidenheid van aktuele temas wat van toepassing is op julle gemeente en gemeenskap. ’n Opname in jou eie gemeente van wat hulle behoeftes ten opsigte van onderwerpe is, is altyd ideaal.

Verpak dit in ’n Rimpelweekprogram, waar die besprekingsessies nie langer as ’n negentig minuut tydgleuf per onderwerp is nie, twee of drie onderwerpe per aand.

Kry kundiges in jou gemeenskap wat bereid is om die gesprekke te fasiliteer en siedaar jy het ’n aktiewe week van Rimpels!

Voorbeelde van gespreksonderwerpe wat gemeentelede interesseer:

- Riglyne vir ’n gesonde Christelike huwelik.
- Godsdiens en geloofsvorming by jong kinders.
- Die gebalanseerde versorging van bejaarde ouers.
- Gemoedsbestuur en lewensbestuur van gelowiges na 50.
- Huweliksvoorbereiding
- Depressie – wat dit is en hoe dit bestuur kan word
- Riglyne vir die saamleef met tieners
- Spanning en meegaande energieverlies hantering
- Werksverlies: hoe nou verder?
- Die kweek en handhawing van grootouers se verhouding met hul kinders en kleinkinders.
- Die gelowige se ervaring en hantering van chroniese siektes.
- Persoonlikheidsanalise: die belangrikheid om jouself te verstaan

Rimpels
Bemagtig elke lidmaat